REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

EXPLANATORY MEMORANDUM

ON THE

REVENUE LAWS AMENDMENT BILL, 1974

[W.P. 9—'74.]

ISBN 0 621 01789 2

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

VERKLARENDE MEMORANDUM OOR DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP INKOMSTEWETTE, 1974

Deur die Wetsontwerp word wysigings ingevoer by—

Die Handelseffektebelastingswet, No. 32 van 1948;

Die Wet op Hereregte, No. 40 van 1949; en

Die Wet op Seëlregte, No. 77 van 1968,

en word sekere kantoorgelde afgeskaf.

KLOUSULE 1

Wysiging van omskrywing van „gesamentlike rekening" in artikel 1 van die Handelseffektebelastingswet, 1948.

Ingevolge artikel 3 (*a*) van die Handelseffektebelastingswet, 1948, is handelseffektebelasting nie betaalbaar nie ten opsigte van die koop of die verkoop deur 'n effektemakelaar van handelseffekte ten behoewe van 'n gesamentlike rekening. Ingevolge die huidige omskrywing van „gesamentlike rekening" in artikel 1 van daardie Wet is 'n gesamentlike rekening 'n vennootskap tussen lede van 'n effektebeurs in die Republiek en lede van 'n effektebeurs buite die Republiek wat deur die Minister van Finansies erken is ooreenkomstig artikel 13 (6) van die Wet op Beheer van Effektebeurse, No. 7 van 1947. Laasgenoemde artikel is, met ingang van 30 Augustus 1971, gewysig deur artikel 18 van die Wysigingswet op Beheer van Effektebeurse, No. 86 van 1971, en as gevolg van die wysiging het die verwysing in die omskrywing van „gesamentlike rekening" in artikel 1 van die Handelseffektebelastingswet, 1948, na 'n effektebeurs buite die Republiek onvanpas geword. Ingevolge die wysiging wat deur hierdie klousule ingevoer word, word bedoelde verwysing geskrap en vervang deur 'n verwysing na 'n persoon in 'n ander land wie se gewone besigheid in daardie land uit die koop en verkoop van handelseffekte bestaan of dit insluit.

KLOUSULE 2

Wysiging van artikel 3 van die Handelseffektebelastingswet, 1948: Vrystellings.

'n Vrystelling van handelseffektebelasting word, met ingang van 1 November 1973, voorsien ten opsigte van die koop of die verkoop van handelseffekte wat deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie uitgereik is.

KLOUSULE 3

Wysiging van artikel 2 van die Wet op Hereregte, 1949: skale van hereregte.

Ingevolge *subklousule* (1) (*a*) word nuwe skale van hereregte voorgeskryf ten opsigte van verkrygings van eiendom op of na 15 Augustus 1974. Die skale, wat bereken word op die bedrag of die waarde waarop hereregte betaalbaar is (gewoonlik die koopvergoeding of die billike waarde van die betrokke eiendom), is soos volg:—

(*a*) 5 persent, waar die eiendom verkry word deur enige persoon behalwe 'n natuurlike persoon (byvoorbeeld 'n maatskappy of ander regspersoon).

(*b*) 1 persent op soveel van bedoelde bedrag of bedoelde waarde as wat R20 000 nie te bowe gaan nie en 3 persent op soveel van bedoelde bedrag of bedoelde waarde as wat R20 000 te bowe gaan, waar die eiendom deur 'n natuurlike persoon verkry word. ('n Aanpassing van hierdie skale word gemaak waar die reg wat verkry word uit 'n onverdeelde aandeel in eiendom bestaan—kyk subklousule (1) (*c*).)

Ingevolge ander bepalings van die Wetsontwerp—kyk klousules 14, 23, 24 en 25—word verskeie seëlregte wat in verband met die oordrag van eiendom

betaalbaar is, afgeskaf, of word 'n vrystelling daarvan voorsien. Daarbenewens word sekere Aktekantoorgelde deur klousule 27 afgeskaf. In die volgende voorbeeld word die regte wat tans betaalbaar kan wees vergelyk met die hereregte wat ingevolge die Wetsontwerp in die plek daarvan betaalbaar sal wees, in verband met die koop van eiendom teen 'n vergoeding van R20 000:—

HUIDIGE REGTE

	Eiendom gekoop deur 'n natuurlike persoon vir woon-doeleindes	*Eiendom gekoop deur 'n natuurlike persoon vir besig-heidsdoeleindes of deur 'n maatskappy*
Hereregte	R350,00	R700,00
Seëlreg op transportakte .	R115,00	R115,00
Seëlreg op koopbrief . .	R 0,30	R 0,30
Seëlreg op volmag om transport te gee	R 0,50	R 0,50
Seëlreg op waarborg ten opsigte van saldo van koopprys (maksimum).	R 10,00	R 10,00
Aktekantoorgeld. . . .	R 2,50	R 2,50
	R478,30	R828,30

VOORGESTELDE HEREREGTE

Betaalbaar deur—

(*a*) 'n natuurlike persoon R200

(*b*) 'n maatskappy R1 000

Uit hoofde van *subklousule* (1) (*b*) (waardeur subartikels (2), (3) en (4) van artikel 2 van die Wet op Hereregte geskrap word) sal die kortings op hereregte wat tot nog toe aan natuurlike persone ten opsigte van die verkryging van wooneiendom toelaatbaar is, nie meer met betrekking tot verkrygings van eiendom op of na 15 Augustus 1974 toegestaan word nie.

Deur *subklousule* (1) (*c*) word nuwe subartikels, genommer (5), (6) en (7) by artikel 2 van die Wet op Hereregte bygevoeg. In die nuwe *subartikel* (5) word 'n formule vir die berekening van hereregte voorsien wat van toepassing sal wees in die geval van die verkryging deur 'n natuurlike persoon van 'n onverdeelde aandeel in eiendom. Die formule is van toepassing op transaksies gesluit op of na 15 Augustus 1974. Die volgende berekening toon aan hoe die formule toegepas word in 'n geval waar 'n onverdeelde 25 persent aandeel in eiendom, met 'n waarde van R60 000, deur 'n natuurlike persoon vir R15 000 verkry word:

$$\text{Hereregte betaalbaar} = \frac{\text{R15 000}}{\text{R15 000} + \text{R45 000}^*} \times \text{hereregte op R60 000}$$

$$= \frac{\text{R15 000}}{\text{R60 000}} \times \text{R1 400}^\dagger$$

$$= \text{R350}$$

* Die waarde van die restant van die eiendom, naamlik die 75 persent aandeel wat oorbly nadat die verkreë 25 persent aandeel uitgesluit is.

† 1 persent op R20 000 = R 200

3 persent op balans van R40 000 = R1 200

R1 400

Ingevolge die nuwe *subartikel* (6) sal subartikel (5) nie van toepassing wees nie ten opsigte van 'n onverdeelde aandeel in gemeenskaplike eiendom wat ingevolge die Wet op Deeltitels, 1971, toegedeel word aan 'n deel van 'n gebou en deel uitmaak van 'n eenheid soos in artikel 1 van daardie Wet omskryf, behalwe waar 'n onverdeelde aandeel in die eenheid verkry word.

In die nuwe *subartikel* (7) word 'n reël neergelê wat van toepassing is waar eiendom verkry word deur 'n persoon wat in 'n fidusiêre hoedanigheid handel, dit wil sê 'n trustee in die gewone sin van die woord. Waar die eiendom ingevolge 'n testament of ander stuk verkry word uitsluitlik ten voordele van 'n natuurlike persoon, word die trustee geag 'n natuurlike persoon te wees en sal die toepaslike skale van hereregte dié wees wat van toepassing is op natuurlike persone. In ander gevalle word die trustee geag 'n ander persoon as 'n natuurlike persoon te wees en sal die toepaslike skaal van hereregte dié wees wat van toepassing is op ander persone as natuurlike persone.

KLOUSULE 4

Wysiging van artikel 3 *van die Wet op Hereregte*, 1949: *Invorderingsprosedure.*

Ingevolge die wysigings wat deur hierdie klousule ingevoer word, moet betalings van hereregte en enige boete daarop wat gemaak word op of na 'n datum wat nog bepaal moet word, aan 'n ontvanger van inkomste op die diensstaat van die Departement van Binnelandse Inkomste (dit wil sê 'n „departementele ontvanger van inkomste") gemaak word en nie aan 'n ander ontvanger van inkomste nie (byvoorbeeld 'n landdrosontvanger van inkomste). Vanaf gemelde datum moet die hereregte betaal word aan die departementele ontvanger van inkomste in wie se gebied die eiendom geleë is of in wie se gebied die aktekantoor ten opsigte van die eiendom geleë is. 'n Nuwe invorderingsprosedure (waarby die gebruik van spesiale kwitansiemasjiene betrokke is) sal vanaf gemelde datum ingevoer word. Kyk ook klousule 6.

KLOUSULE 5

Wysiging van artikel 9 *van die Wet op Hereregte*, 1949: *Vrystellings.*

Die wysiging is van 'n formele aard.

KLOUSULE 6

Wysiging van artikel 14 *van die Wet op Hereregte*, 1949: *Invorderingsprosedure.*

Ingevolge artikel 14 van die Wet op Hereregte, 1949, moet die partye by 'n transaksie vir die verkryging van eiendom verklarings voltooi. Daardie verklarings word aan die ontvanger van inkomste voorgelê wanneer betaling van die hereregte geskied. Die ontvanger van inkomste reik dan 'n formele kwitansie uit waarin besonderhede wat van die verklarings geneem is, aangetoon word. Die prosedure is tydrowend en sal, met ingang van 'n datum wat nog bepaal moet word, verander word om die uitreiking van formele hereregtekwitansies uit te skakel. Die betaling van hereregte sal erken word by wyse van 'n kwitansie wat deur middel van 'n masjien afgedruk word op een van die verklarings (gewoonlik die verklaring van die koper), wat dan aan die koper of sy prokureur teruggegee sal word en hy, op sy beurt, sal die verklaring met die kwitansie daarop by die Registrateur van Aktes indien as bewys van die betaling van die hereregte. Dit is nodig dat die betrokke verklaring in drievoud voltooi word en dat dit in 'n formaat is wat geskik is vir gebruik in 'n kwitansiemasjien: die wysiging wat deur hierdie klousule ingevoer word, maak voorsiening daarvoor. Kyk ook klousule 4.

KLOUSULE 7

Wysiging van artikel 1 *van die Wet op Seëlregte*, 1968: *Skrapping van omskrywing van „makelaarsnota".*

Die wysiging vloei voort uit die wysigings wat deur klousules 9 en 19 ingevoer word.

KLOUSULE 8

Wysiging van artikel 4 *van die Wet op Seëlregte*, 1968: *Vrystellings.*

Deur hierdie klousule word 'n vrystelling van seëlregte ingevoer ten opsigte van stukke waarop die seëlreg wettiglik betaalbaar sou wees en gedra sou moet word deur die Landdros van die distrik Rehoboth in die uitoefening en uitvoering van sy bevoegdhede, funksies en pligte ingevolge die Rehoboth-Aangelegenheden Proklamatie, No. 31 van 1924, van Suidwes-Afrika.

KLOUSULE 9

Herroeping van artikel 19 *van die Wet op Seëlregte*, 1968: *Makelaarsnotas.*

Deur hierdie klousule word artikel 19 van die Wet op Seëlregte, 1968, herroep. Daardie artikel het betrekking op die seëlreg op makelaarsnotas. Die herroeping vloei voort uit die afskaffing van bedoelde seëlreg deur klousule 19.

KLOUSULE 10

Wysiging van artikel 23 *van die Wet op Seëlregte*, 1968: *Handelseffekte.*

Die wysigings vloei voort uit die herroeping deur die Maatskappywet, 1973, van die Wet op Oordrag van Sekuriteite, 1965, en die herverordening van die bepalings van laasgenoemde Wet in eersgenoemde Wet.

KLOUSULE 11

Wysiging van artikel 24 *van die Wet op Seëlregte*, 1968: *Versekeringspolisse.*

Ingevolge die wysiging word aan die Sekretaris van Binnelandse Inkomste die bevoegdheid verleen om 'n versekeraar wat 'n geskikte rekenaar gebruik, te magtig om die seëlreg op sekere klasse van versekeringspolisse by tussenpose op verklaring te betaal instede dat hy dit doen by wyse van die aanhegting van seëls op die polisse. Die betrokke polisse is lewensversekeringspolisse, jaargeldpolisse en polisse uitgereik ooreenkomstig die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, 1972. Die voorgestelde bepalings spreek vanself.

KLOUSULE 12

Invoeging van artikel 28*A in die Wet op Seëlregte*, 1968: *Misdrywe ten opsigte van plakseëls.*

Ingevolge die voorgestelde nuwe artikel 28A (1) sal 'n misdryf gepleeg word indien 'n persoon (behalwe 'n amptenaar in die staasdiens wat in sy amptelike hoedanigheid optree of 'n persoon wat ingevolge 'n skrftelike magtiging van die Sekretaris van Binnelandse Inkomste optree) 'n gebruikte of ongebruikte inkomsteplakseël aan 'n ander persoon verkoop of van die hand te sit, of indien daardie ander persoon sodanige seël van eersgenoemde persoon koop of verkry, of indien 'n persoon 'n gebruikte inkomsteseël wat nie op 'n stuk geplak is nie in sy besit het met die wete dat dit van 'n stuk verwyder is en met die opset om dit te gebruik ten einde die betaling van seëlreg op 'n ander stuk aan te dui of om dit in stryd met die bepalings van artikel 28A (1) (*a*) te verkoop of van die hand te sit. Die straf is 'n boete van hoogstens R200 of gevangenisstraf van hoogstens 6 maande of sowel daardie boete en gevangenisstraf. Ingevolge die voorgestelde subartikel (2), word 'n persoon wat in besit van 'n gebruikte inkomsteseël gevind word wat nie op 'n stuk geplak is nie, geag, tensy die teendeel bewys word, die seël in sy besit te hê met die wete en opset hierbo gemeld. In die voorgestelde subartikel (3) word „gebruikte plakseël" omskryf.

KLOUSULE 13

Skrapping van Item 1 *van Bylae* 1 *by die Wet op Seëlregte*, 1968: *Beëdigde Verklarings.*

Die seëlreg wat ingevolge bovermelde Item op beëdigde verklarings gehef word, word afgeskaf met ingang van 15 Augustus 1974.

KLOUSULE 14

Wysiging van Item 2 *van Bylae* 1 *by die Wet op Seëlregte*, 1968: *Ooreenkomste.*

'n Vrystelling van die seëlreg wat ingevolge bovermelde Item op ooreenkomste gehef word, word, met ingang van 15 Augustus 1974, voorsien ten opsigte van 'n ooreenkoms vir die vervreemding of verkryging van eiendom soos in die Wet op Hereregte, 1949, omskryf, of die afstanddoening van 'n belang in of beperking op die gebruik van of beskikking oor sodanige eiendom. Daaronder val grotendeels koopbriewe ten opsigte van die verkoop van onroerende goed.

KLOUSULE 15

Skrapping van Item 4 *van Bylae* 1 *by die Wet op Seëlregte*, 1968: *Arbitrasie of toekenning.*

Die seëlreg wat ingevolge bovermelde Item op arbitrasies of toekennings gehef word, word afgeskaf met ingang van 15 Augustus 1974.

KLOUSULE 16

Wysiging van Item 5 *van Bylae* 1 *by die Wet op Seëlregte*, 1968: *Wissels en Promesses.*

'n Vrystelling van die seëlreg wat ingevolge bovermelde Item op wissels en promesses gehef word, word voorsien ten opsigte van 'n promesse gegee deur die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Beperk ten gunste van 'n bankinstelling indien die promesse 'n likwiede bate is soos beoog in paragraaf (*j*) van die omskrywing van „likwiede bates" in artikel 1 van die Bankwet, 1965, dit wil sê indien die promesse gegee word in verband met 'n skema om die uitvoer van kapitaalgoedere te finansier en dit 'n oorblywende termyn tot die vervaldatum daarvan van hoogstens drie jaar het.

KLOUSULE 17

Skrapping van Item 6 *van Bylae* 1 *by die Wet op Seëlregte*, 1968: *Skeepsvragbrief.*

Die Seëlreg wat ingevolge bovermelde Item op skeepsvragbriewe gehef word, word afgeskaf met ingang van 15 Augustus 1974.

KLOUSULE 18

Wysiging van Item 7 *van Bylae* 1 *by die Wet op Seëlregte*, 1968: *Verbande.*

Die seëlregte op sekere soorte verbande word, met ingang van 15 Augustus 1974, soos volg verander:

Aard van Verband	*Nuwe Seëlreg*
(1) Verbande waarby onroerende goed verhipotekeer word en enige algemene of spesiale notariële verband.	'n Eenvormige skaal van 20 sent vir elke R100 of deel daarvan van die gesekureerde skuld.
(2) Aanvullende, bykomende of vervangende verbande.	'n Seëlreg van R5.
(3) Sessie van verband genoem in (1) hierbo.	Dieselfde skaal as wat in (1) hierbo gemeld word, bereken op die uitstaande balans verskuldig.

Dit volg outomaties op die voorgestelde wysigings dat die seëlregte op die volgende soorte verbande verander word:

Aard van Verband	*Nuwe Seëlreg*
(*a*) Sessie van verband genoem in (2) hierbo.	'n Seëlreg van R5.
(*b*) Vervanging van skuldenaar ten opsigte van verband genoem in (1) hierbo.	Dieselfde seëlregskaal as wat in (3) hierbo aangedui word.

Hierdie klousule moet saamgelees word met klousule 27 waarvolgens sekere Aktekantoorgelde ten opsigte van die registrasie van verbande, sessies van verbande en vervangings van skuldenaars ten opsigte van verbande, afgeskaf word.

KLOUSULE 19

Skrapping van Item 8 *van Bylae* 1 *by die Wet op Seëlregte*, 1968: *Makelaarsnotas.*

Die seëlreg wat ingevolge bovermelde Item op makelaarsnotas gehef word, word afgeskaf met ingang van 15 Augustus 1974.

KLOUSULE 20

Skrapping van Item 9 *van Bylae* 1 *by die Wet op Seëlregte*, 1968: *Bevragtingsooreenkoms.*

Die seëlreg wat ingevolge bovermelde Item op bevragtingsooreenkomste gehef word, word afgeskaf met ingang van 15 Augustus 1974. Die seëlreg van 30 sent wat ingevolge Item 2 van genoemde Bylae op ooreenkomste gehef word, sal betaalbaar word in die plek van die afgeskafte seëlreg.

KLOUSULE 21

Wysiging van Item 15 *van Bylae* 1 *by die Wet op Seëlregte*, 1968: *Handelseffekte.*

Die wysiging is van 'n formele aard.

KLOUSULE 22

Skrapping van Item 16 *van Bylae* 1 *by die Wet op Seëlregte*, 1968: *Notariële aktes of stukke.*

Die seëlreg wat ingevolge bovermelde Item op notariële aktes en stukke gehef word, word afgeskaf met ingang van 15 Augustus 1974.

KLOUSULE 23

Wysiging van Item 19 *van Bylae* 1 *by die Wet op Seëlregte*, 1968: *Volmagte.*

Die vrystelling van die seëlreg ingevolge bovermelde Item wat van toepassing is ten opsigte van 'n volmag om op 'n vergadering te stem, word uitgebrei om ook die bevoegdheid om teenwoordig te wees en te praat, in te sluit. Die oorspronklike bewoording is gebaseer op die bepalings van die Maatskappywet, 1926. Die nuwe bewoording bring die vrystelling in lyn met die bepalings van die Maatskappywet, 1973, wat in hierdie opsig effens verskil van die bepalings van voormelde Wet. Die wysiging tree in werking op 1 Januarie 1974.

'n Vrystelling van bedoelde seëlreg word ingevoer ten opsigte van 'n volmag wat op of na 15 Augustus 1974 toegestaan word aan 'n prokureur of transportbesorger om op te tree in verband met die registrasie van 'n akte in 'n aktekantoor.

CLAUSE 24

Amendment of Item 20 *of Schedule* 1 *to the Stamp Duties Act*, 1968: *Security or Suretyship*

An exemption from the stamp duty payable under the abovementioned Item is, with effect from 15 August 1974, provided in respect of any security or guarantee given in connection with the registration of transfer of property (as defined in section 1 of the Transfer Duty Act, 1949) in a deeds registry.

CLAUSE 25

Amendment of Item 21 *of Schedule* 1 *to the Stamp Duties Act*, 1968: *Transfer Deeds*

An exemption from the stamp duty payable under the abovementioned Item is introduced in respect of any transfer deed relating to the transfer of immovable property, the date of acquisition of which (as defined in the Transfer Duty Act, 1949) falls on or after 15 August 1974. Transfer deeds relating to earlier acquisition remain subject to the duty.

CLAUSE 26

Deletion of Item 22 *of Schedule* 1 *to the Stamp Duties Act*, 1968: *Warehouse Receipts*

The stamp duty levied under the abovementioned Item on certain warehouse receipts is abolished with effect from 15 August 1974.

CLAUSE 27

Abolition of certain fees of office

In terms of this clause certain fees of office payable to registrars of deeds are abolished with effect from 15 August 1974. The fees are those payable in respect of the registration of transfer deeds relating to immovable property (or the making or issue of certain endorsements or certificates in respect of the transfer of units held under sectional title deeds, where such endorsements or certificates are treated as being transfer deeds for stamp duty purposes), the registration of mortgage bonds hypothecating immovable property, the registration of general or special bonds passed before a notary public, the registration of the cession of any such bond and the registration of the substitution of any debtor in respect of any such bond

CLAUSE 28

This clause gives the short title.

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LTD., CAPE TOWN—B867/1 950.

ISBN 0 621 01789 2